

Book Feature

Boekbeskouing

Pieter Kapp, *Draer van 'n Droom: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1909–2009*

Hemel en See Boeke, Hermanus, 2009

484 pp

ISBN 978-0-620-43874-2

R240.00

**'n Onmisbare getuienis van die steil heuwel wat uitgeklim is
en die moeilike pad wat voorlê**

Afrikaner-nasionalisme was een van die grootste politieke en maatskaplike kragte van die twintigste eeuse Suid-Afrika. Historici en joernaliste het daaroor met wisselende insig en begrip geskryf. Min van hulle het primêre navorsing in die argiewe gedoen en sommige het Afrikaans nie goed verstaan nie. Met verloop van tyd het die werke van Dunbar Moodie en Dan O'Meara kanonieke status verwerf.

Die beeld is vasgelê van 'n hegte binnekring van intelligentsia wat voortdurend met mekaar in verbinding was en wat deur middel van die Afrikaner Broederbond hul nasionalistiese boodskap onder Afrikaners tot in die verste uithoeke versprei het. Daar was die verdere aanname dat met die Nasionale Party aan bewind die regering gretig was om Afrikaanse instellings op die been te help en te bevoordeel. Mettertyd is die indruk in joernalistieke kringe gevestig dat die verstormende ontwikkeling van Afrikaans van *patois* tot literêre, akademiese en tegnologiese taal grootliks aan begunstiging deur die staat toegeskryf kan word.

Die merkwaardige is dat so min werk oor die verskillende stutorganisasies van die Afrikanernasionalisme gepubliseer is wat op primêre navorsing staatmaak. Die vyf volumes oor die Nasionale Party bied 'n ryk bron van inligting en dieselfde is waar van Ernst Stals se groot opgesette studie van die Afrikaner Broederbond wat gebaseer is op die organisasie se argiewe. Stals se waardevolle manuskrip is onlangs meer gereedlik aan biblioteke beskikbaar gestel. Hopelik sal dit die einde beteken van die neiging om die Broederbond as 'n *deus ex machina* aan te wend om 'n ingewikkelde probleem op 'n eenvoudige wyse op te los.

Een van verskeie organisasies wat tot onlangs feitlik glad nie nagevors is nie, is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat in 1909 gestig is. Saam met die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV) en die Suid-Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) is die Akademie die enigste organisasie wat net na die Anglo-Boereoorlog gestig is wat nog oorleef. In die honderste jaar van die organisasie het Pieter Kapp se *Draer van 'n Droom: Die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1909–2009* verskyn.

In sy inleiding skryf Kapp dat toe hy in 1999 voorsitter van die Akademie geword het, hy besef het hoe min hy werklik van die organisasie weet. Hy sou gou

uitvind dat die Akademie se argief ongeorden was. Met die hulp van sy vrou en drie assistente het hy inventarise vir die sleutelversamelings opgestel en die argief grootliks ontsluit. Hy meen dat daar genoeg materiaal is vir 'n aantal nagraadse verhandelinge.

In die skryf van die manuskrip het Kapp voor die groot probleem te staan gekom wat elke historikus in die gesig staar wat oor 'n gemeenskap, organisasie of party skryf: Moet die aanbieding kronologies wees met die belangrike voordeel dat die ontwikkelingsgang van 'n denkklimaat en 'n tydsgesee ontvou as deel van die narratief? Of moet dit sistematies wees met aparte hoofstukke oor verskillende temas wat elkeen kronologies aangebied word? Dit bied die voordeel dat die lesers net daardie temas kan lees waarin hulle besonder belangstel en die res oorslaan.

Kapp het die tematiese benadering vir sy werk gekies. Verskeie temas word in aparte hoofstukke behandel. Onder hulle is daar: die taalstrewes, die letterkundige bekronings, die kunste en die geesteswetenskappe, die natuurwetenskappe, die onderwys, staatkundige kwessies en finansies. Elke keer word die storie van 1909 tot die jongste tyd vertel. Na my mening was dit 'n fout om nie die kronologiese benadering te volg nie. Die tematiese benadering het die voordeel dat bepaalde onderafdelings afsonderlik uitgewerk kan word, maar die narratief word versteur deurdat daar elf of twaalf keer na die begin van die storie teruggekeer word.

Hierdie kritiek moet egter geensins afbreuk doen aan die groot bydrae wat *Draer van 'n Droom* lewer nie. Die onderwerp is uitputtend nagevors, die opbou en aanbieding van die materiaal is baie professioneel en die ontleding is nugter en indringend. Die verhaal wat na vore kom, is dié ontstaan van 'n beskeie organisasie op 1-2 Julie 1909 in Bloemfontein toe die taalimperialisme van die Britse Ryk op sy hoogtepunt was. Oud-president M.T. Steyn wat saam met die afgevaardigdes van die Nasionale Konvensie na Londen onderweg was, het 'n boodskap gestuur waarin hy die hoop uitspreek dat 'n heerlike literatuur geskep sal word waarop die Suid-Afrikaanse volk later trots sal wees. Hy het vervolg: "Is het slechts 'n droom? Waarom kan 't niet? Mijn antwoord is: Het kan, also ons volk slechts wil."

'n Sleutelrol is gespeel deur die Nederlander, F.V. Engelenburg, redakteur van *Die Volkstem* en iemand wat hom sterk met die Afrikaners vereenselwig het. Dit was hy wat daarop aangedring dat die Akademie op die Europese model 'n wetenskaplike prestige-organisasie moet word met lidmaatskap beperk tot erkende skrywers, wetenskaplikes en kunstenaars. Gou het die belangrikste fokuspeunte die uitgee van die *Woordelys en Spelreëls* geword, die "kroonjuweel" in Kapp se woorde, en saam daarmee die bekronings.

Soos mens van Afrikaners kan verwag, was twiste volop. Daar was die twis oor die woordeboek van die Afrikaanse taal, wat eintlik na die Akademie moes gegaan het, maar deur dr. D.F. Malan se bemoeing deur die Universiteit van Stellenbosch ingepalm is. Daar was ook die geval van C.J. Langenhoven, wat uit die Akademie bedank en gereeld in sarkastiese terme daarna verwys het. Regeringshulp, selfs met die Nasionale Party aan bewind, was skaars. Nietemin het die Akademie 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van Afrikaans en Afrikaanse instellings, soos byvoorbeeld die Afrikaanse diens van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Die

bekroning van skrywers en digters het gereeld vir opskuddings gesorg, maar die pryse, veral die Hertzog-prys, het gesog gebly.

Tog bly die Akademie tot die einde van die Tweede Wêreldoorlog 'n redelik beskeie organisasie wat tot 1947 nie 'n eie, voltydse sekretaris kon in diens neem nie. Die Nasionale Party-regering lui 'n nuwe era in van 'n akademiese en kultuurelite met oorvleuelende lidmaatskap in verskeie organisasies en persoonlike betrekkinge met kabinetslede. 'n Mens sou kon vra waarom Kapp nie groter aandag aan die verhouding tussen die onderskeie leierskorpse van die Akademie en die Afrikaer Broederbond gegee het nie, maar dit is te betwyfel of daar werklik sprake van wedersydse beïnvloeding was en indien daar wel was of dit nagespeur kan word. 'n Mens vermoed dat veral in die geesteswetenskappe die meeste lede van die Akademie Broederbonders was. Dis onwaarskynlik dat hulle die Bond sou gebruik (of die Bond hulle) om bepaalde doelwitte te bereik.

Binne die eerste dekade van die NP-bewind het die Akademie die regering oortuig om die Afrika-Instituut, die Vaktaalbuero en 'n Instituut vir Genealogie te stig. Veral in die jare sestig was die band tussen Akademie en die kabinet so nou dat dit benouend vir onafhanklike geeste geword het. Van die begin van die sewentigerjare ontstaan daar 'n groter begrip vir die gebrek aan kapasiteit van die staat en die noodsaak vir die Akademie om meer onafhanklik van die regering te ontwikkel. Terselfdertyd is daar egter groot en griewende flaters begaan, soos die besluit om nie lidmaatskap van die Akademie aan prof. Richard van der Ross toe te ken nie. Dit is ook in hierdie tyd dat hubris die Akademie noop om 'n onbekostigbare Akademiegebou op te rig, wat gou ontruim moes geword.

Die NP-bewind word gevolg deur die ANC-regering, wat met die arrogansie van Jakobyne geen kulturele pluralisme kan duld nie en die klein maar noodsaaklike regeringsubsidie afgesny het. Oor die laaste tien jaar het veral die Dagbreek Trust die Akademie gehelp om sy waardevolle rol te bly speel. Soos talle ander Afrikaanse organisasies is sy invloed beperk. Kapp vertel dat afvaardigings oor die voertaalkwessie deur sekere rektore met kwalik verborge vyandigheid ontvang is.

Kapp sluit die boek af met die vraag of Steyn se droom kan herleef in 'n tyd dat die aanslag van Engelse taalimperialisme so fel is as wat dit in 1909 was. Die sleutelfaktor, soos destyds, is wil. Meer nog in 1909 is daar talle welopgevoede taalgeneote wat die stryd om 'n vaste en volhoubare plek vir Afrikaans op skool en universiteit te verseker, minag of geringskat. Gerieflikheid en gediensigheid en ook die begeerte om te wys "ons is nie almal so nie", gee by hierdie mense die toon aan.

'n Toenemend nie-rassige Akademie het 'n sleutelrol om te speel om te verhoed dat Afrikaans, soos die reënwoude, kwyn en verdwyn. Kapp se *Draer van 'n Droom* is 'n onmisbare getuieis van die steil heuwel wat uitgeklim is en die moeilike pad wat voorlê.

Hermann Giliomee
Universiteit van Stellenbosch

Die verhouding tussen “droom” en “werklikheid”

Die bedoeling met die opmerkings hieronder is nie om ’n omvattende bespreking van Pieter Kapp se voortrefflike *Draer van ’n Droom* as sodanig te wees nie. Eweneens word daar ook nie hieronder gepoog word om die sentrale tema uit die werk, naamlik die “droom” ten grondslag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap, op ’n breedvoerige wyse te bespreek nie. Die opmerkings hieronder is eerder daarop toegespits om ’n gesprek oor enkele aspekte van dié droom aan te knoop.

Daarmee word nie voorgegee dat hierdie droom nie vandag op ’n omvattende wyse ter sprake gebring behoort te word nie. Intendeel, Afrikaners is vandag nogmaals voor ’n kruispunt in hulle geskiedenis. Dit is ’n kruispunt wat ten diepste met hulle kultuur-politieke “drome” (ideale, simboliese rigtingwysers, ensovoorts) verbandhou. Teen hierdie agtergrond is dit ondenkbaar dat Afrikaners daarop sal antwoord sonder dat hulle nie ook die Akademie ten grondslag daarvan op ’n dwingende wyse in oënskou geneem het nie. Die Akademie het immers in die verlede, en dit blyk tot oorvloedens toe uit die werk van Kapp, ’n sentrale plek in die geskiedenis van die twintigste eeuse Afrikaners ingeneem.

As ’n invalshoek op die bespreking hieronder word verwys na die oeroue vraag oor die verhouding tussen “droom” en “werklikheid”, “teorie” en “praktyk”, of – om dit anders te formuleer – die verhouding tussen “akademie” (kleinletter) en “politiek”. Want as daar vir my ’n bepaalde leemte in die werk van Kapp is, is dit dat hy (te midde van die sentrale rol wat aan die Akademie se “droom” in die “politiek” van Afrikaners toegeken word) nie hierdie verhouding self op ’n grondige wyse ter sprake bring nie. Wat presies is die aard van hierdie verhouding? Watter krag oefen “drome” op die “politieke werklikheid” uit? Asook andersom, watter invloed het laasgenoemde op ons drome?

’n Mens sou natuurlik kon aanvoer dat hierdie blote teoretiese vrae is wat streng gesproke nie binne die ruimte van ’n historiese werk tuishoort nie. In ’n bepaalde opsig is dit natuurlik so. Hierdie is egter nie maar net blote teoretiese vrae nie. Intendeel, die wyse waarop ’n mens dit verstaan, het waarskynlik ’n direkte implikasie vir ’n mens se blik op die toekoms. En is dit nie juis die tema van die toekoms (die “droom” vir die toekoms) wat Kapp by implikasie dwarsdeur die boek en uiteindelik baie eksplisiet in die laaste hoofstuk ter sprake bring nie? Omdat die kwessie van die toekoms ook vir ons van groot belang is, staan ons by hierdie vrae stil.

Die grootse drama wat Kapp in sy werk opvoer, is in ’n gewisse sin van die woord die drama wat homself in die gemoed van die nasionalistiese Afrikaners van die twintigste eeu afgespeel het. Nog nader geformuleer: Die drama wat in *Draer van ’n Droom* afspeel, is die drama waarin die “droom” wat die Akademie onder Afrikaners beliggaam het slegs ’n droom kon wees omdat dit in ’n intieme bondgenootskap met die nasionale “politiek” van Afrikaners gestaan het. Soveel so dat die een nie sonder die ander ene denkbaar was nie. Droom en werklikheid, teorie en praktyk, akademie en politiek was vanaf sy stigting onlosmaaklik deel van wie en wat die Akademie was.

Daarmee was nóg die politiek van Afrikaners nóg die Akademie unieke verskynsels in die moderne wêreld. Intendeel, tydens die negentiende en twintigste eeue het nasionale bewegings dwarsoor die Westerse wêreld hulself by wyse van idee-forums soos taal- en kultuur akademies institute, verenigings, ensovoorts, gevorm. Soveel so dat 'n mens in 'n terugskoue daarop glad nie 'n onoorbrugbare skeiding tussen teorie en praktyk kan aanlê nie. Hierdie dinge het mekaar geïmpliseer. Miskien nog sterker geformuleer: In die geskiedenis van moderne nasionale bewegings was politiek en idee bestaansvoorwaardes vir mekaar. Sonder die akademiese forums sou die nasionale bewegings nie daarin geslaag het om die room – die kulturele elites – van hulle onderskeie kultuur-gemeenskappe vir die nasionale saak te mobiliseer nie. Maar ook andersom, sonder die nasionale bewegings sou die akademiese forums hoegenaamd nie die rigtinggewende of vormende rol gespeel het wat hulle inderdaad in hulle onderskeie gemeenskappe gespeel het nie.

Die diepte van die band tussen hierdie dinge blyk veral wanneer dit aan spanning onderwerp word. Om die waarheid te sê, 'n mens kan beweer dat die verbrekking van die band tussen teorie en praktyk, party en akademie, tot 'n diepliggende krisis in beide aanleiding gee: Terwyl die politieke beweging of party vanweë die verbrekking in die verhouding met die akademiese forum sy intellektuele voorhoede verloor, beland die akademie sonder die stukrag van die politieke beweging dikwels in 'n ernstige identiteitskrisis. Sonder om die punt hieronder vooruit te loop, kan nou reeds gesê word dat so 'n krisis onder meer manifesteer wanneer die akademiese forums begin om hulself wetenskapsfilosofies op 'n neutrale grondslag te organiseer, dit wil sê wanneer hulle hulself voortaan tot die beoefening van die sogenaamde “suiwer” wetenskappe verbind. Sodanige neutraliteit word bemiddel wanneer die politieke dryfkragte, wat eens die rasionaal agter die akademies was, onder hulle wegval.

Maar waarom is die punt oor die wederkerige afhanklikheid tussen teorie en praktyk, akademie en politiek so belangrik? Die antwoord daarop hou verband met die feit dat dit beskou kan word as twee belangrike spilpunte waaromheen die geskiedenis van die twintigste eeue Afrikaners afgespeel het. Rondom die oorwinnings en mislukkings in sowel hulle politiek as hulle teoretiese denke het 'n belangrike deel van die Afrikaners se geskiedenis afgespeel. As sodanig werp dié wederkerigheid (of die gebrek daaraan) 'n betekenisvolle lig op sowel die krisis wat die Afrikaners, maar in die besonder die Akademie die afgelope dekades deurgemaak het. Maar dit werp ook 'n lig op die moontlike toekoms van die Afrikaners, asook die Akademie self.

Die Akademie – en dit is reeds hierbo gesê – was as teoretiese forum vanaf sy eerste oorsprong in 'n baie intiem-wederkerige verhouding met die destydse politieke (en in die besonder nasionalistiese) kragte onder Afrikaners. 'n Mens kan egter met reg beweer sê dat die sestiger, sewentiger en tagtiger jare verstaan kan word as jare waarin hierdie wederkerigheid aan toenemende spanning onderwerp en in sommige gevalle tot 'n volledige skeiding tussen politiek en akademie aanleiding gegee het. Tussen die Akademie as die intellektuele voorhoede van Afrikaners en die politieke party van die Afrikaners het spanning ingetree. Dr. Hendrik Verwoerd se “ietwat iesegrimmige” (Kapp) houding jeens die Akademie tydens die Akademie-jaarvergadering van 1964 kan as 'n belangrike simptoom hiervan beskryf word.

Maar wat was die gevolge van hierdie verlies aan wederkerigheid? Ek dink nie daar word genoegsaam oor hierdie saak onder Afrikaners nagedink nie. Daarby gee Kapp m.i. ook nog nie voldoende antwoorde hierop nie. Nogtans kan beweer word dat die skeiding tussen politiek en akademie tot 'n ernstige verskraling in die politieke werklikheid self aanleiding gegee het. Tekens hiervan is die feit dat die Afrikanerpolitiek in dié tyd 'n gewisse swenk na die kant van burokratiese beheer, politieke professionalisme, 'n eensydige vertroue op die veiligheidsmagte en 'n verlies aan innerlike oortuigingskrag ervaar het. Retoriek eerder as die oorwoë mening, die korttermyn-oorweging van die professionele politikus eerder as die idealistiese vergesig, die opportunistiese kortpad eerder as die moeisame weg van selfopoffering, het die botoon begin gevoer. Sonder 'n deeglike begroning vanuit die akademiese wêreld het die politiek van die Afrikaners 'n leë politiek geword.

Dit is egter nie waar die proses van verarming geëindig het nie. Vanweë die skeiding tussen politiek en teorie, party en akademie, is ook die akademiese lewe self in dié tyd aan 'n proses van verarming onderwerp. Sonder die idealisme en dryfkrag wat die politieke ideale van die verlede aan die akademiese lewe gebied het, het laaggenoemde ten beste terug gesink in 'n morele beterswering oor dinge soos geregtigheid, die kultuur van individuele regte, ensovoorts, dit alles dikwels sonder om 'n realistiese greep te kry op die kulturele, politieke en ekonomiese moontlikheidsvoorwaardes vir die verwesenliking van hierdie lofwaardige morele ideale. Nodeloos om te sê, hierdie moralistiese klem het dikwels en veral in die latere jare van apartheid en in die eerste dekade van die post-apartheid era met 'n radikale bevraagtekening van selfs maar die feit van Afrikaner-wees gepaard gegaan. Diegene onder die Afrikaners wat so geredeneer het, het daarmee te kenne gegee dat hulle hulself volledig van die politieke ideale van die Afrikaner vervreem het. Die skeiding tussen akademie en politiek was voltrek.

Nog 'n voorbeeld van die verarming wat in die akademiese lewe ingetree het (en wat uit Kapp se geskiedenis van die Akademie sigbaar word, maar sonder dat hy dit tot 'n tema van refleksie verhef), is 'n bykans onsigbare herskrywing van die wetenskapsbeskouing wat tot dusver as normatief onder Afrikaners gegeld het. As die wetenskappe (en in die besonder die geesteswetenskappe) in die verlede vanuit 'n Afrikaner-perspektief 'n duidelike (Christelik-nasionale) begroning gehad het, gaan die verlies aan vertroue in die politieke ordes met 'n “neutralisering” van die wetenskappe gepaard. ('n Kollega van my verwys na die wetenskaplike benadering in dié tyd as 'n uitdrukking van “Boere positivisme”). In plaas daarvan om as wetenskaplikes en denkers hulleself in die problematiek van die politiek te werp, verkies talle – dikwels ook in die Akademie, soos blyk uit Kapp – om eerder op 'n soort veilige afstandelike daarteenoor te staan. Voortaan word die werklikheid aan die neutrale oorsig van die objektiewe waarnemer onderwerp. Hierdie “gnostiese” ontvlugting vanuit die politieke problematiek na 'n hemel van ongeskonde neutraliteit moet nog beskryf word. Maar ten minste kan ons sê dat die akademiese lewe daarmee in 'n werklikheidsvreemde en gryse verstarring vasgeval het. G'n wonder dat die Akademie toe – met enkele uitsonderings na – geen wesenlike bydrae op die gebied van die politieke en sosiale denke gelewer het nie. (In die sogenaamde neutrale sfeer van die natuurwetenskappe daarenteen – dit wil sê in die veilige ruimte weg van die politieke krisis van die tyd – is daar goeie prestasies gelewer).

Uiteraard werk ons vandag met die voordeel van afstand. Maar vanuit dié afstand moet die volgende vrae veral aan die adres van die Afrikaner-akademië tussen die sestiger en tagtiger jare gerig word. Maar ook aan die Akademie van dié tyd. Dit is vandag volledig begrypbaar dat julle 'n spanning tussen die politieke en die akademiese ervaar het. Maar hoekom het julle toegelaat dat die twee – ten minste teoreties – volledig uitmekaar dryf? Hoekom het julle nie eerder gepoog om die brug tussen die twee wêreldes te slaan deur opnuut – dit wil sê van die radikaal andersoortige historiese konteks van dekolonialisering; die wêreldwye veroordeling en die interne legitimiteitskrisis; die demografiese verskuiwing; die nuwe bewussyn binne die politiek-filosofiese wêreld rondom die belangrikheid van gemeenskappe; die belangrike verskuiwing in die VN ten opsigte van gemeenskaps- of minderheidsregte; die internasionale debatte oor die beperkinge van die liberale regsdenke, ensovoorts – nuwe inhoud aan die politieke ideale van die Afrikaner te gee nie? Waarom het julle toegelaat dat die Afrikaner se idee-wêreld as't ware tussen 'n moralisme en 'n positivisme, tussen 'n werklikheidsvreemde voorskryftelikheid en 'n neutrale wetenskap, tussen historiese selfontkenning en burokratiese bestuur gesplits word?

Dieselfde vrae kan vanuit 'n bietjie breër idee-historiese raamwerk so geformuleer word. Afrikaners het vanaf die latere dekades van die agtiende eeu met verskillende grade van sofistikasie die republikeinse ideaal omhels (en op verskillende wyses ingeklee). Soveel so dat die republikeinse gedagte as die leidende beeld in hulle geskiedenis verstaan kan word. Maar – en dit is die kritiese vraag – waarom het die intellektuele lewe onder Afrikaners in die “dekades van krisis” nie gepoog om in hermeneutiese aansluiting by hulle eie tradisie die republikeinse erfenis so te deurgrond dat dit binne 'n nuwe historiese konteks weer 'n demokraties-legitieme en universeel aanvaarbare inslag kon vind nie? M.i. was dit hulle historiese verantwoordelikheid. Nogtans het talle van hulle eerder verkies om hulself van hulle historiese wortels los te sny. Die kultuur-politieke rigtingloosheid wat Afrikaners die afgelope dekades ervaar het, kan as 'n direkte gevolg van hierdie onvermoë tot hermeneutiese aanknoping by die verlede beskou word.

In hierdie verband kan 'n mens selfs nog meer spesifiek wees. Afrikaners het genoegsame rede gehad om tydens die dekades van krisis ook moreel verontwaardig te voel. Hulle het om verstaanbare redes die behoefte gehad om hulleself af te grens van wat in die politieke werklikheid afgespeel het. Die vraag is egter waarom hierdie morele verontwaardiging nie vanuit die morele bronne in hulle eie tradisie verwoord is nie? Waarom het hulle nie die bronne vanuit die republikeinse tradisie ontgin om hulle teen die vergrype van hul tyd uit te spreek nie? In plaas daarvan om nuwe inhoud aan die tradisie te gee, is eerder verkies om daarvan af te stap.

Die republikeinse tradisie, soos enige ander tradisie (ook die liberale tradisie wat vandag dikwels as alternatief aan Afrikaners voorgehou word), is nie 'n blaamlose tradisie nie. Slawerny en onreg teen vroue is oor eue vanuit die republikeinse tradisie gemotiveer. Vergelyk die wyse waarop Aristoteles en Thomas Jefferson, bakens in die geskiedenis van republikeinse denke, aan hierdie praktyke vagesit het. Maar, en dit is die belangrike punt, die republikeinse tradisie beskik ook oor die bronne om morele rigting anderkant hierdie vergrype aan te dui. Waarom het die Afrikaanse intellektuele dit nie gedoen nie? Waarom het hulle nie hulle tradisie so toegeëien dat dit 'n oop, demokratiese en ontvanklike karakter verwerf het nie? Een van die gevolge van hierdie onvermoë was dat die legitieme morele verontwaardiging

onder Afrikaners dikwels (en veral na 1994) in 'n werklikheidsvreemde moralisme omgeslaan het. Daarmee is die noodsaaklike feit van morele verontwaardiging onder Afrikaners ironies genoeg eintlik ten diepste verlam.

Hierdie vraag het veral betrekking op die Akademie. Genl. Hertzog het in sy motivering waarom die Akademie gestig moes word, by uitstek 'n republikeinse motivering daarvoor gegee. Hertzog het gesê die Afrikaners in en deur die bemiddeling van die Akademie tot “volle wasdom” sal kan kom. 'n Sterker republikeinse motivering kan kwalik gegee word. Want in die republikeinse tradisie is die *telos* of doel van die politieke lewe om die gemeenskap tot wasdom – 'n goeie en florerende lewe – te voer. Onlosmaaklik deel van hierdie strewe na wasdom en geluk is die kultivering van die ou deugde. In en deur die kultivering van deugde soos 'n sin vir matigheid, geregtigheid, skoonheid en wysheid word die ruimtes geskep waarbinne die karakter van gemeenskappe gevorm en die goeie lewe 'n werklikheid kan word. Die Akademie was in ooreenstemming met Hertzog se republikeinse ideale vir die Akademie by uitstek dié liggaam waarin dié goeie lewe nagejaag en verwerklik is.

Wat het van hierdie republikeinse motivering ten grondslag van die Akademie geword? My eie gevoel is dat die Afrikaners vandag, net soos tydens die jare na die Anglo-Boereoorlog, 'n dringende noodsaak het aan 'n instelling soos die Akademie wat aan Afrikaners rigting kan aandui. Dit wil sê 'n instelling wat nogmaals kan antwoord op die vraag hoe Afrikaners as kultuur-gemeenskap tot volle wasdom kan kom. Maar dit bring ons ten slotte juis by die vraag van die toekoms. Kan die Akademie weer sy historiese rol ten opsigte van Afrikaners opneem? Kan hy weer dié instelling vir Afrikaners word wat denkebeelde van die goeie lewe – die strewe na die ware, die goeie en die skone – as nastrewenswaardig aan hulle voorhou? Nog nader geformuleer, kan hy die republikeinse erfenis van Afrikaners op 'n skeppende wyse toeëien?

Die vooronderstelling waarop hierdie vrae rus, is dat die Akademie opnuut weer die samehang tussen teorie en praktyk, droom en politiek sal herontdek. Maar dit is juis in hierdie verband dat 'n laaste opmerking oor Kapp se werk gemaak moet word. Kapp wei die laaste hoofstuk aan die toekoms van die Akademie. Die droom van die Akademie staan daarin sentraal. Nou, daarmee – dit is met die feit van die droom as sodanig – het ekself geensins probleme nie. Die Akademie sal inderdaad geen toekoms hê as dit nie deur 'n verbeeldingryke droom aangevuur word nie. My vraag is egter of die argument oor die droom vir die toekoms voldoende rekening hou met die praktiese – politieke – voorwaardes daarvoor. In aansluiting by die argument hierbo: Maak die droom waaroor Kapp skryf voorsiening vir die feit – soos bevestig deur die geskiedenis van die Akademie self – dat dit slegs droom kan wees indien dit deur breë politieke oogmerke onderlê en aangevuur word?

Draer van 'n Droom deins m.i. te veel terug van hierdie vrae. Dit wil sê van die vrae oor die politieke of praktiese voorwaardes vir die droom. Die belangrikste rede daarvoor is m.i. dat Kapp onseker is oor die vraag of die Akademie homself tot die politiek-kulturele ideale van die Afrikaners moet verbind. Nog sterker geformuleer, in plaas daarvan om die toekomsdroom van die Akademie te situeer binne die geskiedenis van die – republikeinse – Afrikaners en so die Akademie op te roep om op 'n hermeneuties verantwoordelike wyse nuwe inhoud daaraan te gee, is

Kapp eerder daartoe geneig om dit daarvan te isoleer. Ten grondslag daarvan lê die poging om in sy nadenke oor die toekoms van die Akademie dit tot slegs 'n forum van belange vir Afrikaans in te kort. Dit alles onder die vaandel dat die Akademie eintlik as taalforum so inklusief as moontlik moet wees. En met “inklusief” word veral verwys na die poging om ook die bruin Afrikaanssprekende wêreld binne die geledere van die Akademie te verwelkom.

Eksel self het geen probleme met sekere ooreenkomste en verstandhoudings met die bruin Afrikaanssprekendes rondom Afrikaans nie. Intendeel, dit moet op verskeie wyses aangemoedig word. My vraag is egter – weer eens – of Kapp genoegsaam nagedink het oor die politieke voorwaardes vir die droom waarvan hy skryf. Die politieke ondertone van die droom word so afgewater dat daar vir alle praktiese doeleindes eintlik min sprake daarvan is. Om die waarheid te sê, ter wille daarvan om die bruin Afrikaanssprekendes binne die geledere van die Akademie tuis te maak, word die politieke kragte wat die Akademie in die verlede tot so 'n formidabele krag gemaak het eenvoudig in die vergetelheid gelaat.

Die gevolg daarvan is dat die Akademie in gevolge Kapp se perspektief daarop die Afrikaners as kultuur-gemeenskap vir alle praktiese doeleindes in die koue laat. Dit in 'n tyd waar die Afrikaners deur middel van dinge soos akademiese forums leiding op die gebied van idees (simboliese ordes, ensovoorts) gegee moet word. Die toekoms sal leer of hierdie droom enige neerslag in die praktiese werklikheid gevind het. Vanuit die geskiedenis beoordeel het 'n mens rede om skepties daaroor te wees. Sonder steunpunte in sy eie ideële geskiedenis (onder meer die republikeinse gedagte) kan die toekoms reeds tot 'n einde gekom het.

Danie Goosen
Unisa

Akademie se wel en wee goed beskryf

Die geskiedenis van instellings bied dikwels boeiende insae in die groter geskiedenis van 'n land, 'n volk of taal. Daarom het dit veel sin om die verhaal van 'n skool, universiteit, politieke party, maatskappy of vereniging te bestudeer ten einde 'n meer konkrete beeld van die breër geskiedenis te verkry.

Só is dit dan ook met *Draer van 'n Droom* wat verlede jaar as eeuefsuitgawe uit die pen van prof. Pieter Kapp verskyn het. In vele opsigte vind die stryd van die Afrikaner tydens die twintigste eeu om erkenning vir sy taal en sy identiteit neerslag in die Akademie se veelbewoë geskiedenis. Daarmee saam herleef 'n mens die interne spanninge wat die Afrikanerspsige oor die afgelope honderd jaar gekenmerk het: dié tussen pro-Britse en anti-Britse Afrikaners, die Nat-Sap-stryd, die konflik tussen moderniste en tradisionalistes tydens die sestiger- en sewentigerjare, verligtes en verkrampes, godsdiensstiges en sekulariste, regs en links, tot by vandag waar 'n ewe felle stryd tussen sogenaamde “nasiebouers” en “volkstaters” woed.

Dikwels gaan dit in die Akademie se geskiedenis om taalkundige of wetenskaplike kwessies, literêre of estetiese maatstawwe by die toekenning van pryse, maar onderliggend aan dié oënskynlik tegniese kwessies, vind 'n mens telkens 'n

onderliggende politieke motief. Een van die punte van kritiek wat 'n mens teenoor Kapp se procédé, wat bedoel is om die Akademie vanuit 'n min of meer "neutrale" en wetenskaplike hoek te beskryf, sou kon opper, is dat hy soms die wisselwerking tussen die groter politieke of selfs geopolitieke strominge in ons wêrelddeel en die Akademie se lotgevalle geringskat. Vandaar sy opvatting van die geskiedenis van Afrikaans as kultuurtaal – en waarby die Akademie so 'n kardinale rol gespeel het – as "droom". Die honderdjarige bestaan van die Akademie sou daarom te wyte wees aan die najaag van 'n droom deur 'n klompie idealiste wat die aanvanklike opwelling van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 verder sou voer deur in 1909 'n Akademie vir Afrikaans op te rig.

Helaas, nee. Afrikaans of die Akademie is geen resultaat van 'n droom nie, maar van 'n politieke en etniese noodwendigheid. Die vermaarde Franse taalkundige Antoine Meillet het die volgende te sê gehad oor die kragte wat tale skep of laat vergaan:

Il n'y a guère de nation qui ne vise à posséder une langue en propre, et une langue ne subsiste que difficilement là où elle n'est pas soutenue par un sentiment national.

[Daar is beswaarlik 'n nasie wat nie daarna mik om sy eie taal te besit nie, en 'n taal oorleef maar moeilik daar waar dit nie ondersteun word deur 'n nasionale gevoel nie.]

Dis 'n siening wat in die hedendaagse konteks sekerlik nie as polities korrek geag mag word nie, maar die stygende en dalende lyne op die historiese grafiek van Afrikaans en van die Akademie is grotendeels bepaal deur daardie "nasionale sentiment" waarvan Meillet praat.

Net soos die Patriotbeweging van 1875 ten dele gemotiveer is deur die republikeinse beweging wat reeds in die Transvaal en in die Vrystaat tot onafhanklike state gelei het, geskied die stigting van die Akademie tydens die aanloop tot Uniewording, dit wil sê, die hereniging van Suid-Afrika se vier provinsies in 1910.

Nadat die gedagte van eenwording geopper en 'n konvensie daaroor deur die vier koloniale parlemente goedgekeur is, het genl. J.B.M. Hertzog 'n sterk mosie vir die gelykberegting van tale in die nuwe Unie ingedien. Vanuit hierdie politieke momentum het die Akademie self tot stand gekom. Immers kan geen taal as amptelike medium in die administrasie, die regspraak, die onderwys en as uitdrukking van 'n nasionale kultuur gebruik word indien dit behoorlik gestandaardiseer en oor al die noodsaaklike tegniese en professionele terme beskik nie.

Prof. Kapp verdien 'n pluimpie vir die noukeurigheid waarmee hy elke tersaaklike toespraak of skrywe aanhaal en toelig, oor die honderd jaar van Akademiegeskiedenis. Terwyl liefhebbers van geskiedenis veel interessante stof hier sal vind, het die skrywer ook 'n hele skatkis van gegewens rondom die Afrikaanse literatuuargeskiedenis opgediep. Geskille tussen Afrikaanse skrywers, hetsy oor politiek, hetsy rondom persoonlikhede, kom veral ter sprake in hoofstuk 5 oor die letterkundige bekronings.

Die twintigste eeu was op letterkundige gebied in die meeste lande 'n onstuimige tydvak. Die ikonoklastiese opmars van die modernisme met sy klem op vormlike eksperiment en, helaas, ook die *succès de scandale*, is die Afrikaanse letterkunde nie gespaar nie. Terwyl die geslag van Van Wyk Louw en D.J. Opperman

